



NG Gemeente, Rietfontein-Suid, Pretoria
Taakspan vir Kinders: Junior Kategese & Kleuterkerk



Sleutels vir Lewe

SLEUTEL 5 - Lyding ter wille van Jesus

Matteus 5:11-12 Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.

Die wêreld sê:

Kies die maklike pad.

Jesus sê:

Dit is moeilik om Hom te volg.

Besprekingspunte

Die wêreld sê jy moet dinge vir jousef so maklik as moontlik maak. Die wêreld wil alles so aanloklik en mooi en maklik laat lyk, sodat jy dit ook moet volg. Hulle sê net nooit die gevolge nie.

Kyk bietjie na die sepies op die TV - daar word nooit gevolge van verkeerde keuses uitgebeeld nie.

Om die wêreld te volg, beteken daar is niemand wat jou vertrous as jy moeilikheid het nie. Almal hardloop weg.

Daar is 'n rede hoekom 'n snelweg nie bo-oor kortpaaie gebou word nie.
Dit gaan met Jesus se kinders ook soms sleg. Hulle word ook siek, word gespot, is arm, slag nie altyd toetse nie, val, huil, ens.

MAAR: Elke keer as iets met ons gebeur kan ons by Jesus troos en hulp soek. Hy is ons veilige hawe (ons 'comfort zone'). Dit laat ons nader aan Hom groei en maak ons karakters sterker.

Storie: Jy is Spesiaal deur Max Lucado

lets om huis toe te neem

Elkeen teken 'n houtkruis vir hom-/haarself.

Skryf al jou probleme, ongelukkigheid, lyding daarop.

Draai dit om en skryf agterop:

Jesus het klaar vir my gely!

Elke week

Sleutels sluit iets oop ... Byvoorbeeld: Slotte, deure, kluipe, hekke, motors, skatkie, ens.

Dit verteenwoordig keuses waarvoor jy te staan kom in die lewe.

Jy het die keuse watter sleutel jy in die lewe gebruik om wat oop te sluit. Dit bepaal waarheen jy gaan, wat jy ontdek en die gevolge van jou keuse.

Jesus se Sleutels vir Lewe verskil van die wêreld se sleutels.

Wie is die wêreld?

Dit is nie net onbekendes nie. Dit is ook ons maats of vriende, partykeer grootmense wat ons leer ken. Eintlik is dit almal wat nie mooi verstaan dat Jesus se Sleutels vir Lewe anders is nie.

Wat is sonde?

Enigiets wat Jesus se hart seermaak.

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!